Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Huis toe, waar jy tuis is

Skriflesing: Psalm 84 en 2 Kor 5:1-8

Broodjies vir die pad

"We leave something of ourselves behind when we leave a place, we stay there, even though we go away. And there are things in us that we can find again only by going back there."
— Pascal Mercier, Night Train to Lisbon

"The ache for home lives in all of us. The safe place where we can go as we are and not be questioned."
— Maya Angelou, All God's Children Need Traveling Shoes

"The simplest questions are the most profound. Where were you born? Where is your home? Where are you going? What are you doing? Think about these once in a while and watch your answers change."
— Richard Bach

"...everyone needs a somewhere, a place he can go. There comes a time, you see, inevitably there comes a time you have to have a somewhere you can go!"
— Fyodor Dostoyevsky, Crime and Punishment

"where a man feels at home, outside of where he's born, is where he's meant to go."
— ernest hemingway, Green Hills of Africa

"Weary or bitter of bewildered as we may be, God is faithful. He lets us wander so we will know what it means to come home."
— Marilynne Robinson, Home

"Perhaps home is not a place but simply an irrevocable condition."
— James Baldwin, Giovanni's Room

"Your whole life is filled with losses, endless losses. And every time there are losses there are choices to be made. You choose to live your losses as passages to anger, blame, hatred, depression, and resentment, or you choose to let these losses be passages to something new, something wider, and deeper. The question is not how to avoid loss and make it not happen, but how to choose it as a passage, as an exodus to greater life and freedom."
— Henri J.M. Nouwen, Finding My Way Home: Pathways to Life and the Spirit

"A house is not a home until it has a dog."
— Gerald Durrell

"I love cats because I enjoy my home; and little by little, they become its visible soul."
— Jean Cocteau

"We are all strangers in a strange land, longing for home, but not quite knowing what or where home is. We glimpse it sometimes in our dreams, or as we turn a corner, and suddenly there is a strange, sweet familiarity that vanishes almost as soon as it comes."
— Madeleine L'Engle

"The ornament of a house is the friends who frequent it."
— Ralph Waldo Emerson

"Wasn't that the definition of home? Not where you are from, but where you are wanted"
— Abraham Verghese, Cutting for Stone

Home sweet home. There's no place like home. Home is where you hang your hat, or, as a waggish friend of mine once said, *Home is where you hang yourself*. "Home is the sailor, home from sea, / And the hunter home from the hill." What the word *home* brings to mind before anything else, I believe, is a place, and in its fullest sense not just the place where you happen to be living at the time, but a very special place with very special attributes that make it clearly distinguishable from all other places. The word *home* summons up a place—more specifically a house within that place—which you have rich and complex feelings about, a place where you feel, or did feel once, uniquely *at home*, which is to say a place where you feel you belong and that in some sense belongs to you, a place where you feel that all is somehow ultimately well even if things aren't going all that well at any given moment. To think about home eventually leads you to think back to your childhood home, the place where your life started, the place that off and on throughout your life you keep going back to, if only in dreams and memories, and that is apt to determine the kind of place, perhaps a place inside yourself, that you spend the rest of your life searching for even if you are not aware that you are searching. I suspect that those who as children never had such a place in actuality had instead some kind of dream of such a home, which for them played an equally crucial part.
— Frederick Buechner, The Longing for Home

"For Equilibrium, a Blessing:

Like the joy of the sea coming home to shore,
May the relief of laughter rinse through your soul.
As the wind loves to call things to dance,
May your gravity by lightened by grace.
Like the dignity of moonlight restoring the earth,
May your thoughts incline with reverence and respect.
As water takes whatever shape it is in,
So free may you be about who you become.
As silence smiles on the other side of what's said,

May your sense of irony bring perspective.
As time remains free of all that it frames,
May your mind stay clear of all it names.
May your prayer of listening deepen enough
to hear in the depths the laughter of god."
— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings

Misterie is wat jou toelaat om kinderlik te glo

Wilhelm Jordaan

Mense gebruik toenemend die woord "misterie" wanneer hulle oor God praat en skryf. Dít is nogal ironies omdat die oorspronklike Griekse woord vir misterie beteken jy moet "jou mond hou en jou ore sluit"!

Sommige gelowiges hanteer hul geloof in God juis só en sê dan iets soos: "Ek wil nie eintlik daaroor praat nie. Mý God en alles van Hom is vir my 'n misterie. God is God, finish en klaar. Ek hét my geloof en dit is genoeg vir my, dankie."

As die wetenskap dan reken lewe het anders ontstaan as wat die Bybel sê, word die wetenskap sonder meer verwerp. Dié soort gebruik van misterie kom voor in fundamentalistiese godsdiensuitings, soos "kreasionisme", wat volhou die aarde is net 6 000 jaar oud.

Ook in "intelligente ontwerp", wat reken die boek Genesis is versoenbaar met evolusie wat God se skeppingsmetode is; met God as die Slim Ontwerper.

Daarteenoor is daar 'n groeiende aantal gelowiges wat paradoksaal glo – om God as misterie, die Gans Andere, in die eie bestaan te bely, maar terselfdertyd die oë en ore juis oop te hou vir wat die wetenskap bevind én soekend te bly na nuwe maniere om oor dié misterie te praat.

Die Nederlandse priester-digter Huub Oosterhuis beskou dié paradoks as die soeke na 'n "nuwe taal" wat "eigenlijk niet te zeggen is. Die je spreekt om niet heeltemal te hoeven zwijgen".

Soms kan die "nuwe taal" vreemd, selfs onthutsend, aandoen. Soos wanneer Julian Barnes in sy Nothing to be Frightened of skryf: "I don't believe in God, but I miss him."

Net ironie verduidelik so 'n stelling: Die soort God wat ons self geskep het en in taal benoem, en toeëien as 'n private besitting wat jou persoonlike belange en behoeftes of jou volk s'n ter wille is, is 'n God in wie 'n mens nie hoef te glo nie. Want jy verlang na die onvervalste grond van jou bestaan, na God as die Gans Andere.

En dat jy dan nuwe woorde kán en mág vind wat bevestig jy staan nie buite geloof nie. Terselfdertyd weet jy dít kan net met huiwerende eerbied gedoen word. Soos die Nederlandse digter Jaap Zijlstra dit sê: "Vergeef mij dat ik met mijn kleine woorden meedoe / en stal zeg en ster / en dat ek ik in drie kleine letters God zegt / en U denk te noemen daarmee."

Misterie, só beleef, laat toe dat jy met die hart van 'n kind die ganse skepping omhels. Dit maak geloof jonk en lenig en dromend en gulsig-opgewonde soos 'n kind wat wonderwerke in bome- vind. Om met die geruis van blare om jou van tak tot tak te klouter, al hoe moeisamer op soos die stam steiler word en die takke yler – al op na die skielike, verblindende ligbron wanneer jy byna bo is . . .

En dan helder te weet: Dít is hoe God spreek, 'n verruklike akkoord dat 'n mens onverwoesbaar aan God behoort.

** Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/misterie-is-wat-jou-toelaat-om-kinderlik-te-glo-20210601

Brood vir die pad

Ons skuld die jeug; net om te bid nie genoeg

Christina Landman

Oor 'n week is dit Jeugdag. Gaan ons weer die jeug vertel hulle het 'n mooi toekoms, hulle moet dit net aangryp?

So staan ek verlede Saterdag in 'n om-stedelike gebied. Dis nou die Afrikaans vir township, vir /peri-urban area/, 'n verwaarloosde stad wat om 'n stad lê. Een waar daar geen gesonde ontspanning is vir jong mense nie. Een waarin daar nou al dae lank geen water is nie – soos gewoonlik. Selde elektrisiteit. Ek staan voor 'n sjebien. Ek is 'n omstander in 'n om-stad. Ek kyk na wat hier aangaan. Eintlik kan ek nie naby die drinkplek kom nie, want die strate is vol. Gepak met jong mense, enkeldronk, saamdronk, gerook.

Jonger as jong mense sit in groepe en rook uit 'n goue toring. Ander koop pakkies snuifgoed. Daar is 'n geskarrel as 'n kind sy ma waarsku dat ek daar rondstaan. Kaste vol rowwe drinkgoed word uit motors gehaal. Die musiek laat alles wat nog staan, bibber en dril. Hier sal niemand kan slaap voor 04:00 môreoggend nie. Ook nie die kinders wat daar rondspeel nie.

Motors staan in die pad geparkeer. Enorme luidsprekers dril deur die nag. Min straatligte brand. Van die motors is duur motors. Dis die jong mense wie se ouers in gegoede buurte woon wat hierheen kom om te drink, te rook en ander goed te doen wat met lawaai rym. Hierdie dinge kan hulle nie in die stad se gegoede woonbuurte op straat doen nie, net in die strate van die om-stad.

Ek sien daar 'n jong man wat vanoggend vroeg met sy vriend wat 'n bakkie bestuur, by die kerksaal opgedaag het. Hy sê toe hy kom namens sy pa die kerk se tafels haal vir sy ouma se begrafnis. Daar is hulle toe weg met die kerk se tafels. Dis seker met daardie opbrengste waarmee hy nou kan drink en snuif. Die tafels sal ons nooit weer sien nie.

Ek herken nog 'n jong man. Toe ek laas van hom gehoor het, het hy met 'n mes in die hand in die pastorie se kombuis gestaan, sy ander hand vol gesteelde goed. Hy het oor die muur gespring. Die gemeenskap het hom gegryp en 'n les geleer. Maar toe hy uit die hospitaal kom, het hy verby die tronk teruggestap drinkplek toe. En hier staan almal nou en drink en dans. Geen afstand tussen mekaar. Geen maskers. Dis lank ná die 23:00-verbod. Die dood en die wet het ewemin betekenis hier. Niemand verwag die polisie nie.

Maar my hart en trane lê by die jong mense. Dis ons wat hulle in die steek gelaat het. Ons het 'n verwoeste omgewing vir hulle gemaak. En nou eis ons dat hulle uit hierdie gemors 'n toekoms moet maak. Die ommekeer gaan nie vanself gebeur nie. Die om-stede moet plekke word waar daar werk, opleiding, ontspanningsgeriewe en ondernemings is. En ook plekke waar die jeug kan gaan aanmeld om gesond te word.

Om net te bid daarvoor, is nie genoeg nie. Dis om die Here te versoek. Kerke kan plekke van genesing en die toekoms word as hulle met die plaaslike regerings en ander organisasies kan saamwerk. As iemand net met 'n visie vorendag kan kom. 'n Uitvoerbare toekoms vir die jeug.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/ons-skuld-die-jeug-net-om-te-bid-nie-genoeg-20210608

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877